

## INHOUDSOPGAWE

Inleiding .....	7
1. Loop jy strompelend 'n onbekende toekoms tegemoet? .....	11
2. Wees dapper genoeg om te leef; enigiemand kan tou opgooi .....	15
3. Moenie moeilikheid met jou mond bestorm nie .....	19
4. Wees wie jy is .....	23
5. Jou karakter word jou nalatenskap .....	27
6. Moenie jou eie grootste vyand wees nie .....	31
7. Dis beter om iets te doen en te misluk as om uit te blink in niks doen .....	36
8. Wanneer jy uitblink in verskonings maak, is dit moeilik om uit te blink in enigiets anders .....	40
9. Een persoon met fokus maak 'n meerderheid .....	43
10. Die wêreld behoort aan die passievolles .....	47
11. Die waarheid bestaan, leuens moet opgemaak word ....	51
12. Vandag is die dag om te begin .....	55
13. Klein treetjies is 'n groot gedagte .....	60
14. As jy té veel terugkyk, sal jy gou in daardie rigting begin beweeg .....	65
15. Hindernisse is geleenthede .....	73
16. Om nie te besluit nie is 'n besluit .....	78
17. Om jouself met ander te vergelyk dien geen doel nie .....	82

18. Die kleinste daad is beter as die beste bedoeling .....	85
19. Mense wat jou nie laat groei nie, laat jou uiteindelik kwyn .....	89
20. As jy bang is vir kritiek, sal jy niks doen tot die dag dat jy sterf nie .....	93
21. As jy net aan jouself dink, pasop! .....	97
22. Afguns is leeg .....	101
23. Reis lig .....	104
24. As jy het, gee; as jy nie het nie, gee .....	108
25. Die beste geleentheid is nou .....	112
26. 'n Goeie manier om van jou sorgte te vergeet is om ander uit hul sorgte te help .....	117
27. Jy kan by almal iets leer .....	122
28. Ignoreer mense wat sê iets is onmoontlik .....	127
29. Moenie net na wonderwerke soek nie, jy is 'n wonderwerk .....	133
30. Skakel huis toe, jou hemelse Vader wil met jou praat .....	138
31. Oneindig meer as wat ons vra of dink om te vra .....	142
32. Tel jy jou seëninge of dink jy jou seëninge tel nie? .....	147
33. Onaanvaarding van die hede skep 'n toekoms .....	151
34. Verwag iets uit niks .....	155
35. Dié wat waag, doen .....	160
36. Alles wat jy oor môre vrees, is nog nie hier nie .....	164
37. Elke middelmatige persoon het goeie bedoelings .....	168
38. Kom aan die gang! .....	171
39. Beweeg volgens God se spoed .....	177
40. Wonderwerke begin in jou hart .....	182
41. Jy kan nooit té veel op God staatmaak nie .....	186
42. God kan .....	190
Oor die outeur .....	195

---

## INLEIDING

---

In my leeftyd was ek bevoorreg genoeg om talle suksesvolle mense te leer ken, en ek het baie by hulle geleer. Ek kan onthou toe ek aanvanklik tyd saam met hierdie mense begin deurbring en hulle beter leer ken het, was ek baie verbaas oor die aantal mislukkings wat hulle al beleef het. Nogtans het hul mislukkings hulle nie ondergekry nie, maar hulle in die meeste gevalle geïnspireer en tot groter sukses gedryf. Hulle het weer opgestaan – slimmer en meer vasberade as ooit vantevore.

Jy kan ook. Dis een van die redes waarom ek hierdie boek geskryf het.

Ons almal ervaar mislukkings en maak foute. Trouens, suksesvolle mense het meer kere misluk as die gemiddelde persoon. Ek het gevind dat dit beter is om te misluk terwyl ek iets doen as wat dit is om daarin uit te blink om niks te doen nie. 'n Diamant met 'n gles in is waardevoller as 'n perfekte baksteen.

God is nie verras as jy struikel nie. Sy liefde, genade, barmhartigheid en vergifnis is groter as enige gemors wat jy kan maak.

Hy beskou nooit enige van ons as mislukkings nie; Hy

sien ons net as leerders. Ons misluk wanneer ons nie uit elke ervaring leer nie. Die besluit lê by ons – ons kan kies dat 'n mislukking ons moet terughou of vir ons as wegwyser vir die lewe moet dien.

Laat toe dat hierdie boek jou rig terwyl jy weer opstaan.

---

# 'N BLIK OP DIE INNERLIKE

---

## LOOP JY STROMPELEND 'N ONBEKENDE TOEKOMS TEGEMOET?

---

My vriend, wyle Myles Munroe, het gesê: “Daar is iets wat jy kan begin, wat jy bestem is om te voltooi.” God het vir jou 'n opdrag wat deur niemand anders so goed gedoen kan word as deur jou nie. Uit miljarde aansoekers is jy die beste gekwalifiseerd. Jy het die regte kombinasie van dít wat nodig is. God het vir elke persoon die regte afgemete hoeveelheid geloof gegee om te doen wat Hy hom of haar geroep het om te doen. Elke persoon is begaafd.

'n Persoon kan eers alles wees wat hy moet wees wanneer hy doen wat hy veronderstel is om te doen.

God hou ons nie net verantwoordelik vir wat ons het nie, maar ook vir wat ons kon hê; nie net vir wat ons is nie, maar ook vir wat ons kon wees.

“Die hoogte van jou prestasies sal gelyk wees aan die diepte van jou oortuigings. As jy geluk najaag ter wille van geluk, sal dit jou ontwyk; as jy 'n doel najaag, sal geluk jou volg soos wat 'n skaduwee saam met die sonstrale kom.”

*William Scolavino*

Wanneer jy jou doel nastreef, sal dit soos 'n magneet wees wat jou aantrek, nie soos 'n koperring wat net een keer in die rondte tol nie. Jou roeping roep.

John Foster het gesê: “Dis jammerlik en skandelik as jy nie met 'n mate van sekerheid kan antwoord op die eenvoudige vraag: ‘Wat gaan jy wees? Wat gaan jy doen?’ nie.”

Charles Garfield het gesê: “Uitblinkers is mense wat verbind is tot 'n dwingende sending. Dis duidelik dat hulle omgee oor dít wat hulle doen en hul moeite, energie en entoesiasme kan nagespeur word terug na daardie spesifieke roeping.”

Jy is eers waarlik vry wanneer jy vasgevang is deur die hoogste roeping in jou lewe.

Moenie net bid dat God dit of dat sal doen nie; bid liever dat God sy doel aan jou sal bekendmaak.

William Cowper het gesê: “Ware geluk spruit slegs daaruit voort as ons onself totaal uitgiet vir 'n saak.”

Wanneer jy jou lewe op beginsels grond, is 99% van jou besluite reeds geneem.

Psalm 138:8 sê: “HERE, U sal u doel met my bereik, want u troue liefde, HERE, ken geen einde nie.”

Namate individue die regte pad vir hulle volg, word hulle deur hul bestemming begelei.

Weet dat God met jou is en alles sal voorsien wat jy nodig het om sy doel met jou te bereik. Die God wat die mond geskape het, sal ook die kos voorsien.

**Moenie van jou doel afsien nie.  
Dis 'n anker in die storm.**

Die mens het 'n verantwoordelikheid teenoor God om dít te word wat God vir hom moontlik gemaak het om te word.

'n Lewe sonder 'n doel is 'n vroeë dood.

Rick Renner het opgemerk: “Die enigste ding wat jou van God se wil sal weghou, is as jy na jouself kyk en sê: ‘Ek is so gering tussen soveel mense.’”

Jy kan niks doen omtrent die lengte van jou lewe nie, maar jy kan wel iets doen omtrent die wydte en diepte daarvan.

Dít wat jy glo, is die krag wat bepaal wat jy bereik of nie bereik in die lewe nie.

Té veel mense weet waarvan hulle weghardloop, maar hulle weet nie waarheen hulle op pad is nie.

Oorweeg jy dit om iets te doen? Luister na wat Marcus Aurelius sê: “Sonder 'n doel behoort niks gedoen te word nie.”



Gee aandag aan jou doel en die uiteinde sal vir homself sorg.

Hoe bewus jy van jou doel is, bepaal wat jou toekoms sal inhou.

Konsentreer in die eerste plek daarop om jou doel te vind, en fokus dan daarop om dit te vervul.

Jou doel is jou ware bate, nie geld nie.

Dít waarop jy jou hart sit, sal bepaal hoe jy jou lewe deurbring.

Iemand wat nêrens heen op pad is nie, kan verseker weet dat hy sy bestemming sal bereik.

Robert Byrne het gesê: “Die doel van die lewe is ’n doelgerigte lewe.”

Martin Luther King jr. het gesê: “As ’n mens nie iets ontdek het waarvoor hy sal sterf nie, is hy nie geskik om te leef nie.”

Gee jou oor aan jou lotsbestemming.